

As Esau kon vergewe, kan ek ook

Ek kan my Esau se reaksie goed indink, toe sy jonger broer sy reg as eersgeborene gesteel het en neem hom geensins kwalik nie. Jakob se naam beteken nie verniet "bedrieër" nie en hy het Esau reeds van geboorte af aan die hakskeen in 'n greep beet gehad, wat nooit sou skiet gee nie. Hy wil tog so graag die oudste wees en Jakob is 'n man met 'n plan, sy ma se seun. Dit is ook sekerlik sy, wat hom geleer kook het ... Toe Jakob se tweelingbroer doodmoeg en honger uit die veld kom, staan hy reg met die geurige lensiesop. Esau moes reeds van ver af die heerlike kosreuke geruk en met afwagting na 'n happie "rooi goed" uitgesien het. Jakob het sekerlik die pot op 'n strategiese plek windaf geplaas en vir Esau met 'n propolisie ingewag: "Verkoop eers jou reg as eersgeborene aan my." Esau val vir die slinkse bedrieër. Jakob se bedrieglike streep het vir hom groot moeilikheid veroorsaak en hy moes vlug vir sy lewe. Ek kan my goed indink dat Esau hom in die hitte van die oomblik sou kon kafdra. In Laban ontmoet Jakob sy bedrieënde eweknie en kry van sy eie medisyne terug! Hy blyk egter die bedriegliker bedrieër van die twee te wees, want op die ou end trek oom Laban aan die kortste end. Om terug te kom by Esau en Jakob. Het Esau ooit vir Jakob teruggekry? Is die bedrieër ooit tot verantwoording geroep of het hy skotvry daarvan afgekom? Het Esau, verteer deur bitterheid, die wraakmonster gekoester en gevoer? Esau het intussen 'n vermoënde man geword en toe Jakob besluit hy het genoeg van Laban gehad, moes hy deur Esau se land terugtrek na sy ouerhuis. Jakob het goed geweet dat hy sy broer se gramskap verdien en besef dat hy nou, na twintig jaar van ballingskap, die storm sal moet instap en verduur (in Engels **face the music**). Jakob kan nie net by Esau inval nie en stuur boodskappers met beloftes van onderdanigheid om uit te vind of hy welkom sal wees. Die boodskappers kom druiptert terug met onrusbarende nuus: Esau is reeds op pad met vierhonderd man aan sy sy. Jakob weet wat kom en hy bid beangs dat God hom en sy gesin sal red van 'n gewisse dood. Hy stuur 'n versoeningsgeskenk in die hoop dat Esau hom vriendelik sal ontvang. Groot is Jakob se verligting en verbasing, toe Esau hom tegemoet hardloop en omhels. Esau het sy arms om Jakob se nek geplaas en hom gesoen en hulle het gehuil. Is dit nie 'n pragtige storie van die wonder, wat vergifnis nie net vir die gewer inhoud nie, maar ook vir die ontvanger?

deur **Liesel Lüneburg**

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
 Marinda Jordaan
 Ria Putter
 Maria Steyn
 Sampie Swart
 Annika Kilian
 Monty Pienaar
 Jaco Steenkamp
 Leonie Kruger
 Sumari Pretorius
 Jillian Jansen
 Tannie Martie de Beer
 Albert Glockzin
 Heinrich Kotzé
 Willie Britz
 Rudi Kruger
 James Vermaak
 Frik Blom
 Jaap Naudé
 Michael Redelinghuys

Tilly van Huysen
 Flippie Roslee
 Louis Strauss
 Oom Cedric Wiegand
 Tannie Bets Coetzee
 Annetjie Pienaar

*Dink aan Hannelie
 Ball, kinders en
 familie met die
 afsterwe van Ronald
 Ball*

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



**VERGEET
 EN
 VERGEWE**



**HOEKOM MAAK ONS
 MEKAAR SO SEER?**

WANT AS JULLE
 DIE MENSE HULLE
 DORTREDINGE
 VERGEWE, SAL
 JULLE HEMELSE
 VADER JULLE OOK
 VERGEWE.
 MATTHEÛS 6:14

Gedagte vir die week

Vergeet, vergewe en wees
 lief vir mekaar. Die lewe is
 in 'n oogwink weg.



**MÔRE IS VIR NIEMAND
 GEWAARBORG NIE!**



Die lewe
 is baie kort...
 kom ons
 Vergewe &
 vergeet...
 (al is dit soms baie moeilik)

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer...
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005